


GAAN WERK IN MY WINGERD!



INLEIDING

LEWENDE WATER MOET GEDEEL WORD

Maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe. - Johannes 4:14.

Soos die plan van verlossing begin en eindig met 'n gawe, so moet dit voortgesit word. Dieselfde gees van opoffering wat vir ons verlossing betaal het, sal in die harte van almal, wat deelnemers aan die hemelse gawe word, woon. Die apostel Petrus sê: **Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God.** - 1 Petrus 4:10. Voordat Jesus Sy dissipels op hulle sending gestuur het, het Hy gesê: **Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee.** - Mattheüs 10:8. In hom wat ten volle met Jesus is, kan daar niks selfsugtigs of eksklusief en afsydig wees nie. Hy wat van die lewende water drink, sal vind dat dit in hom 'n **fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe** is. Die Gees van Christus is soos 'n fontein wat in die woestyn opwel om almal te verfris en wat diegene wat op die punt is om te sterf gretig maak om van die water van die lewe te drink.

Dit was dieselfde gees van liefde en selfopoffering wat in Christus was wat die apostel Paulus tot sy veelvuldige take aangespoor het. **Ek is 'n skuldenaar, sê hy teenoor Grieke sowel as nie-Grieke, teenoor wyse sowel as onverstandige mense.** - Romeine 1:14. **Aan my, die geringste van al die heiliges, is hierdie genade gegee om onder die heidene die evangelie van die onnaspeurlike rykdom van Christus te verkondig.** - Efesiërs 3:8.

Ons Here het dit so beplan dat Sy kerk aan die wêreld die volheid en genoegsaamheid, wat ons in Hom vind, moet weerspieël. Ons ontvang voortdurend van God se milddadigheid en deur dieselfde deelagtig te word, moet ons aan die wêreld die liefde en weldadigheid van Christus voorstel. Terwyl die ganse hemel opgewonde en in beweging is deur boodskappers na alle wêrelddele te stuur om die werk van verlossing voort te sit, moet die kerk van die lewende God ook medewerkers met Jesus Christus wees. Ons is ledemate van Sy verborge liggaam. Hy is die Hoof wat al die ledemate van die liggaam beheer. Jesus Homself, in Sy oneindige barmhartigheid, bewerkstellig in menseharte geestelike transformasies wat so indrukwekkend is dat die engele met verbasing en verwondering en blydschap toekyk. - *Review and Herald*, 24 Des. 1908.

Geneem uit *Ye Shall Receive Power*. - Ellen White, p. 19.

Saamgestel deur: dr. *Hans Koen*

Sel: 076 689 9246

epos: stellie.hans@gmail.com

DIE MISSIE VAN ADVENTISME: DIE BETEKENISVOLHEID VAN DIE DRIE ENGELE SE BOODSKAPPE VIR VANDAG

Was die stigting van die Sewendedag Adventiste Kerk, in die middel van die negentiende eeu, geregtig? Protestantisme was alreeds in baie denominasies verdeel. Wat maak die opkoms van Adventisme uniek, verdedigbaar en besonders van ander denominasies? Skep die verskyning van nog 'n Christen-denominasie verdere verwarring in die verstand van mense?

Die kwessie van identiteit moet elke Sewendedagadventis konfronteer. Hoekom is ek 'n Adventis? Wat is ons missie? Wat is die verskil tussen ons

missie en die ander Christen-denominasies? Die antwoorde op hierdie vrae hang af van die verstaan van ons oorsprong en geskiedenis.

Hierdie artikel sal probeer om hierdie sake in die konteks van die Drie Engele se Boodskappe van Openbaring 14 te ondersoek. Ons sal die betekenisvolheid van hierdie boodskappe in die verkondiging van die ewige evangelie in die laaste dae van die aarde se geskiedenis aantoon. Ons glo dat die verkondiging van hierdie boodskap voor Christus se wederkoms een van die heel belangrikste en eksklusiewe kenmerke van die Sewendedag Adventiste Kerk is. Hierdie boodskappe rig die ondernemings en is deel van die missie van die kerk is.

Die Adventiste Kerk het uit fragmente van 'n godsdienstige beweging, wat deur William Miller (1782-1849) gelei was, te voorskyn gekom. Die stukrag en ideologiese opvatting van daardie beweging was om 'n definitiewe datum vir Christus se wederkoms na die aarde vas te stel. Die datum was op die interpretasie van die profesie van Daniël 8:14 gebaseer: **Tweeduisend driehonderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word.**

Niks buitengewoons het op die dag, wat deur Miller se volgelingen vasgestel was, gebeur nie en baie van hulle het 'n groot teleurstelling ondervind. Terwyl in 'n toestand van hooploosheid en gebed om leiding van Bo, was 'n baie belangrike Bybelse waarheid geopenbaar wat die teologiese posisie van die toekomstige Adventiste Kerk bepaal het. Hierdie openbaring en verdere studie het tot die gevolgtrekking gelei dat **die heiligdom** in Daniël 8:14 nie na die aarde verwys nie, wat, volgens Miller, reiniging deur vuur gedurende die Tweede Koms benodig, eerder as na 'n gebeurtenis in die hemelse heiligdom.

Die profetiese tydperk van 2,300 aande en môres van Daniël 8:14 het met die aanvang van die finale fase in Christus se bediening as Hoëpriester in die hemelse heiligdom geëindig. Deur die ooreenstemming met die aardse heiligdom waarin die tweede afdeling, as die "Allerheiligste" bekend, wat

een maal per jaar gereinig is, te gebruik (Lev. 16:29-34), het Christus as die Hoëpriester begin om die ware heiligdom in die hemel, wat Hy deur Sy eie bloed ingegaan het, te reinig (Heb. 9:12). Hierdie dag was die antitipe van die aardse "Yom Kippur", die jaarlikse groot Dag van Versoening, wat letterlik die "dag van bedekking" beteken. Daarom het die pioniers van die toekomstige Adventiste Kerk die eerste engel se boodskap **die uur van sy oordeel het gekom** (Openb. 14:7) met die vervulling van die profesie van Daniël 8:14 - naamlik die reiniging van die hemelse heiligdom - verbind.

Die Konteks van die Drie Engele se Boodskappe

'n Tweede belangrike saak waaraan die Adventiste pioniers aandag aan gegee het, was die konteks van die drie engele se boodskappe in Openbaring. Onmiddellik na hierdie boodskappe volg die beskrywing van die Tweede Koms met die groot maaier wat sy sekel neem om die grootste oes op aarde (v. 14-16) af te oes. Johannes beskryf die maaier **wat op die wolk sit as die Seun van die mens**, as Christus, wat gereed is om in alle heerlikheid na hierdie aarde vir die finale oordeel te kom. Die Adventiste pioniers het aandag aan die feit gegee dat dié engel, wat in die middel van die lug vlieg, **'n ewige evangelie** het. Die kragtige taal van die drie engele se boodskappe bied die ewige evangelie - die goeie nuus wat aan die mensdom gerig is net voor die wederkoms van Jesus Christus.

Maar hoekom gebruik die drie engele se boodskappe sulke ongewone taal? Hoekom het hierdie boodskappe ontstellende beelde? Die rede hiervoor word in die feit gevind dat die tydperk voor Christus se koms na die aarde hierdie soort taal dringend nodig het wat die gebeure van die historiese situasie, wat voor die Wederkoms verrys, aanspreek.

Die hoofkenmerke van hierdie historiese stroom kan soos volg opgesom word:

Rasionalisme: Aan die begin van die agtiende eeu, die Eeu van Verligting, wat die totstandkoming van die moderne mens van stapel laat loop het. Toe was die onafhanklikheid en vermoë van die verstand om sake in verband met

die uiteinde en realiteit te ondersoek en te verstaan verkondig. In hierdie proses is die oppermag van geloof in die lewe van die mensdom verwerp. Die proses het uiteindelik tot die totstandkoming van die sogenaamde positiewe kennis (wetenskap) in die plek van die negatiewe kennis (godsdiens) gelei.

Sekularisme: Sedert die negentiende eeu het die samelewing meer en meer sekulêr geword. Die rol van God in die mens se lewe word toenemend bevraagteken. Inderdaad was mense gelei om te dink dat hulle hul toestand van afhanklikheid van God ontgroeï het en dat hulle Hom nie langer nodig het nie.

Materialisme: Omdat God en die oproep vir geestelikheid geminimaliseer of uitgeskakel was, was die mensdom toenemend deur die kragte van materialisme oorheers. Met hierdie swaai na materialisme, wat die bewussyn van die mensdom oorheers en die verwydering van God se kritieke rol in die lewe, het die samelewing die ontwikkeling van 'n nuwe era gesien wat deur teenstellende waardes, 'n materialistiese toekoms en 'n klasstryd in baie gemeenskappe gekenmerk word. Dit lei tot 'n nuwe ontwikkeling in sosiaal-ekonomiese kragte.

Kommunisme: Die middel en tweede helfte van die negentiende eeu openbaar die florerings van sosialistiese idees wat vir die vorming van 'n regverdige samelewing deur revolusionêre hervormings ontwikkel was. Die samelewing in baie dele van die wêreld het na die krag van sosiale vooruitgang, wat tot 'n kommunistiese paradys sou lei, beweeg sonder enige verwysing na God of die geestelike dimensie van die lewe.

Liberalisering van Protestantisme: Toonaangewende Protestantse kerke het liberale teologie, wat geloof in 'n Godgeïnspireerde Bybel ondermyn het, aanvaar en baie leerstellings van die Christelike geloof aan rasionele kritiek blootgestel. Die gevolg was dat Jesus Christus slegs 'n historiese figuur geword het wat niks met die Jesus Christus van die Evangelies in gemeen het nie.

Darwinisme: Miskien is die skrikwekkendste uitdaging van Bybelse geloof en waardes, wat die kern van die Christelike geloof ondermyn, toe die wetenskap die oorsprong van spesies deur natuurlike seleksie begin verkondig het. Die Bybelse fondament van die aarde se skepping was op die spel en die evolusieteorie het nie alleen as 'n kritieke uitdaging te voorskyn gekom nie, maar ook as 'n lewensvatbare alternatief.

Bogenoemde is slegs 'n paar merkers van die nuwe era wat 'n werklike uitdaging vir die Christelike geloof geword het. Bykans hulle almal word weerspieël in die agtergrond waarteen die drie engele se boodskappe moes verkondig word. Die ewige evangelie van Openbaring 14 wekroep ons dus om terug te keer na die kernwaardes van die Bybelse boodskap wat van die begin van die mense se geskiedenis verkondig was. Hierdie verkondiging verkry nuwe oortuigingskrag in hierdie laaste dae.

In die verkondiging van die drie engele se boodskappe vind Adventiste die verklaring van hulle totstandkoming in die arena van die geskiedenis. Sewendedag Adventiste leef nie as slegs 'n ander belydenis wat as die gevolg van 'n skeuring in 'n alreeds bestaande kerk gevorm was nie. Die Adventiste Kerk het verrys gedurende die geprofeteerde, historiese tydperk ten einde die belangrikste boodskap van almal voor die wederkoms van Jesus Christus te verkondig.

Die Eerste Engel se Boodskap

Teen die agtergrond van hierdie oorsig verkry die eerste engel se boodskap spesiale klem. In die eerste plek word ons aandag gevestig op die oproep van die eerste engel: **Vrees God en gee aan Hom heerlikheid.**

Vrees is een van die kenmerke wat die mens se bestaan bepaal. Dit is ook interessant om kennis te neem dat die sogenaamde wetenskaplike, godsdienstige studies, wat in die negentiende eeu as 'n hoof faktor in die verskyning van godsdiens ontwikkel het, vrees beklemtoon het. Vrees, so argumenteer die sogenaamde wetenskaplikes, gee aanleiding tot die godsdienstige gevoel van afhanklikheid van hoër magte. Maar wanneer ons

die frase **vrees God** in sy konteks in Openbaring 14 ondersoek, word die betekenis duideliker. Die frase wat om **vrees** vra, word deur die uitnodiging **gee aan Hom heerlijkheid** gevolg. Om God te vrees beteken om Hom eer te gee. Ons vind dit interessant om kennis te neem dat so 'n parallelisme verskeie kere in Openbaring voor kom, byvoorbeeld: **Wie sal U nie vrees nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie?** - Openb. 15:4.

Natuurlik ontstaan die vraag: Wat beteken dit **gee aan Hom heerlijkheid**? Die gebed van Jesus Christus kan ons help: **Ek het U op die aarde verheerlik deur die werk te volbring wat U My gegee het om te doen.** - Joh. 17:4. Om God heerlijkheid te gee beteken in die eerste plek om Sy wil te vervul, Sy werk te voltooi en om gehoorsaamheid en onderdanigheid aan Sy wil te toon.

Gevolglik kan ons tot die gevolgtrekking kom dat die eerste engel se weskroep **Vrees God** inderdaad beteken om God se wil te gehoorsaam en te vervul, soos in Sy gebooie uitgedruk. Hierdie oproep word geldend in 'n era van humanistiese en sekulêre waardes, in 'n era waar God van die mens se sienswyse en aangeleenthede uitgesluit is. Hierdie woorde het spesiale betekenisinhoud in die era van postmodernisme en 'n relativistiese (d.w.s. nie absoluut nie) lewenshouding wat alle morele standaarde relatief (nie absoluut nie) maak.

Die finale woorde van die eerste engel is baie betekenisvol: **Aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het.** Hierdie woorde was in omloop in die middel van die negentiende eeu toe 'n hele reeks ontdekkings op die gebied van geologie en biologie die idee dat God die wêreld geskep het, uitgedaag het. Hierdie ontdekkings was die begin van 'n ernstige konflik tussen die wetenskap en die Christelike godsdiens.

Die gevolg is die dringendheid van die eerste engel se boodskap: **Aanbid Hom wat gemaak het.** Die boodskap weskroep mense om aan hulle herkoms te dink en hulle doel te heroorweeg. Die Bybel praat van die mens

se herkoms: **God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape.** - Gen. 1:27. Deur te aanvaar dat mense na die beeld van God geskape was, kan die wyse hoe mans en vrouens hulself sien radikaal verander.

Die Tweede Engel se Boodskap

In die konteks van wat vroeër gesê was, word die boodskap van die tweede engel se boodskap duideliker. Hierdie engel verkondig Babilon se val: **Geval, geval het die grote Babilon wat al die nasies van die dwelm drank van haar onsedelikheid laat drink het.** - Openb. 14:8.

Daar bestaan geen direkte verhouding tussen Babilon in die boek Openbaring en die historiese Babilon nie. Toe Johannes die boek Openbaring geskryf het, het Babilon, soos in die boek Daniël beskryf, nie bestaan nie. Heelwaarskynlik het Johannes 'n nuwe godsdienstig - politieke mag in sy visioen gesien. Hierdie mag, wat Johannes Babilon noem, terwyl hy die historiese parallelle in aanmerking geneem het, sal God se volk konfronteer. Hierdie mag sal in 'n Godlose sisteem verander, wat al die vals sisteme van aanbidding en al die instellings wat die mens se vryheid onderdruk, integreer. Gedurende hierdie tyd sal die tweede engel die val van Babilon twee keer verkondig. Dit verwys na die afvalligheid van godsdienstige instansies. Babilon sal nie God se volk oorwin nie. Teen die einde sal die oorwinning aan God se waarheid behoort.

Die Derde Engel se Boodskap

Die derde engel se boodskap verkondig die gevolge van diegene wat in die werke van "die onsedelike vrou van Babilon" betrokke raak. Die engel se taal hier is kragtig: **Wie sal van die wyn van God se toorn moet drink. Dit word onverduin in die beker van sy oordeel ingeskink.** - Openb. 14:10. Johannes gebruik taal wat aan sy tydgenote bekend was. 'n Persoon wat God se toorn ervaar het, was deur profete in die Ou Testament uitgebeeld

as iemand wat wyn uit God se beker drink (vgl. Job 21:20; Ps. 60:3; 75:8; Jes. 51:17-23; Jer. 25:15-28; Eseg. 23:32-34).

In die "verleidelike" gesindheid van die geestelike Babilon vestig Johannes die aandag op die daad om 'n **merk op sy voorkop of op sy hand aanvaar**.
 - Openb. 14:9. Wat beteken hierdie merk en hoe moet ons dit verstaan? Johannes gebruik die Griekse woord *Charagma* wat, in sy tyd, na Caesar se beeld op muntstukke, die keiserlike seël op amptelike dokumente en die brandmerk op diere verwys het.

Die merk op die voorkop of die hand verbind miskien ook die antieke gebruik onder die Israeliete gedurende tye van gebed wanneer 'n klein leerhouertjie met gedeeltes van die Torah (Ex. 13:1-10; Deut. 6:4-9; 11:13-21) aan die voorkop en hand gebind was. Hierdie ritueel stel die bewuste aanvaarding van God se wil voor soos deur Sy geboorte weerspieël (bind op die voorkop) en die gereedheid om Sy wil in jou lewe (bind op die hand) te vervul.

Die merk van die dier op die voorkop en die hand verteenwoordig die merk van gesag van die afvallige kerk, die vervanging van God se regverdige standarde met menslike standarde. Dit is hoekom een van die belangrikste kenmerke van God se getroue volk in die onderhouding van Sy geboorte sentreer (Openb. 12:17 en 14:12).

Om ons aandag op een van die Tien Geboorte te vestig is baie belangrik, net soos die onderhouding daarvan 'n spesiale betekenisinhoud in die stryd tussen goed en kwaad het. In die eerste engel se boodskap (Openb. 14:7) wat van ware aanbidding praat, beklemtoon Johannes: **Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het**. 'n Duidelike verwysing na die vierde gebod van God se wet bestaan hier: **Gedenk die Sabbatdag dat jy dit heilig..... Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is en op die sewende dag het Hy gerus**. - Ex. 20:8.

Die Sabbat speel 'n baie belangrike rol in die aanbidding van God se volk. In Ou Testamentiese tye het die onderhouding [viering] van die Sabbat die

volk se hoop op 'n toekomstige verlossing, Messiaanse vrede en welsyn ondersteun. Die Sabbat, soos die Israeliete dit verstaan het, was nie slegs aan die Skepping verbonde nie, maar ook aan bevryding, verlossing en vrymaking. Die Sabbat het as 'n teken van die verbond tussen God en Sy volk gedien (Ex. 31:13,17). **Julle moet sekerlik my sabatte onderhou, want dit is 'n teken tussen My en julle in julle geslagte** (v. 13). **Tussen My en die kinders van Israel is dit vir ewig 'n teken** (v. 17).

Dit help ons om te verstaan hoekom die pioniers van ons kerk die "sewende dag" in die kerk se naam geplaas het. Die naam "Sewendedag Adventis" dra 'n veelseggende betekenis. Dit weerspieël twee standpunte wat 'n kragtige identiteit onderstreep. Die "sewendedag" toon die lidmate van die kerk se toewyding aan God, die Skepper van alle lewe en die Voorsiener van die ware betekenis aan die mens se bestaan en hoop.

Nie minder belangrik nie is die klem op die tweede standpunt in die kerk se naam. Die woord **Adventis** verwys na die wederkoms van Jesus Christus. Ons moet beklemtoon dat hierdie standpunt Bybels is (Joh. 14:1-3; Hand. 1:10,11; 1 Thess. 4:13-18; Openb. 21:1-5).

So, die naam Sewendedag Adventiste Kerk getuig van twee groot gebeurtenisse in die wêreld se geskiedenis - die skepping van die kosmos aan die begin en die begin van die nuwe hemele en die nuwe aarde by die wederkoms van Jesus Christus. Hierdie twee gebeure - die begin en die einde - is die alfa en die omega van die aarde se geskiedenis. Inderdaad laat hierdie twee gebeure, wat in Christus gesentreer is, Hom verklaar: **Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, wat is en wat was en wat kom.** - Openb. 1:8.

Gevolgtrekkings

In die opsomming van die inhoud van die drie engele se boodskappe in Openbaring 14, moet ons let op die belangrikheid van hierdie boodskappe in die opstelling van die kerk se missie. Die pioniers van ons kerk het nie per toeval beklemtoon dat die drie engele se boodskappe in Openbaring in die

konteks van Sy wederkoms geplaas word nie. Die boodskap van die "ewige ewangelie" deur die drie engele se boodskappe het die kern van die kerk se missie geword. Hierdie boodskappe het die aksieprogram van die jong Adventiste Kerk geword. Die Sewendedag Adventiste Kerk het nie tot stand gekom as die gevolg van 'n skeuring van 'n alreeds bestaande denominasie nie. Dit was eerder gevorm deur die bevestiging van verteenwoordigers van verskillende denominasies rondom die grootse boodskap wat voor en tot die Tweede koms verkondig moes word. Hierdie boodskappe weerspieël die tendense wat kenmerke van die historiese era, wat in die negentiende eeu begin het, is. Adventiste het die realiteit van hierdie boodskappe in vandag se historiese situasie herken. Die verkondiging van hierdie boodskappe definieer die karakter en missie van die kerk.

Ons moet kennis neem dat die kern van die drie engele se boodskappe, wat voor die Tweede Koms verkondig word, aanbidding is. So, die skrywer van Openbaring noem twee groepe aanbidders. Een groep aanbid Hom **wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het** en die ander groep aanbid die dier en sy beeld. Die een groep bewys gehoorsaamheid aan God en vervul Sy gebooie (Openb. 12:7; 14:12), die ander een het deel aan die vals godsdienste van geestelike Babilon (Openb. 17:2). Die een sal uiteindelik in God rus (Openb. 14:13), terwyl die ander een **dag en nag** geen rus sal hê nie (Openb. 14:11). Die drie engele se boodskappe wekroep elke gelowige om sy of haar posisie in hierdie groot stryd tussen goed en kwaad, tussen waarheid en leuen te kies.

Kom ons kyk weer eens na die frase **die uur van sy oordeel het gekom**. Die woord **oordeel** is uit die Griekse woord *krisis* vertaal. Hierdie woord beteken "proses van oordeel" (Openb. 16:7; 19:2), terwyl 'n ander Griekse woord *krima* "vonnis" of "beslissing" beteken. Ons lewe inderdaad in 'n tyd van krisis - ekonomiese krisis, energie krisis, finansiële krisis, voedsel krisis, ekologiese krisis, morele krisis, geestelike krisis, ensovoorts. Hulle is almal deel van vandag se lewe. Die tyd van die Tweede Koms is naby en bring daarmee saam die *krima*, die tyd vir die vonnis. *Om hierdie rede*

beskou ons dit as baie belangrik dat ons deelneem aan die verkondiging van die grootste boodskappe van die Heilige Skrifte. Dit is ons plig en voorreg - die kern van ons missie. - Eugene Zaitsev, PhD, is the Biblical Research Institute director for the Euro-Asia Division and 'n professor of religion at Zaoksky Theological Seminary, Saoksky, Tula Region, Russian Federation.

GETROU AAN ONS SENDINGOPDRAG

Beantwoord die roepstem

Jesus Christus is ons rolmodel en Verlosser. Deur Sy geregtigheid en genade kan ons getrou wees, omdat Hy getrou is.

Prys die Here dat Hy ons geroep het om 'n volk te wees, 'n kerk, met 'n sendingopdrag. En wat 'n wonderlike sendingopdrag is dit nie, 'n sendingopdrag om hoop en genesing aan 'n sterwende wêreld te bring, 'n sendingopdrag om die Drie Engele se Boodskappe te verkondig, 'n sendingopdrag om die wonderlike nuus van Christus se spoedige wederkoms te verkondig.

Hierdie goddelik-bepaalde sendingopdrag is die rede hoekom die Sewendedag Adventiste Kerk bestaan en dit is 'n roepstem wat aan elkeen gerig is - vroue en manne, jongmense, kinders - ongeag ouderdom of geslag.

Sendingopdrag en Geloofsoortuiging

Ons unieke, Godgegewe sendingopdrag spruit voort uit Openbaring 14:6-12 - die Drie Engele se Boodskappe - God se belangrike boodskappe vir hierdie laaste dae van die aarde se geskiedenis.

Sommige mense mag sê hierdie boodskappe is polities nie korrek nie en nie raadsaam of gewens om verkondig te word nie. Maar ek sê vir julle dat die Drie Engele se Boodskappe die allerbelangrikste boodskappe is om te verkondig. Hulle is ons geloofsoortuiging en sendingopdrag en die rede vir God se wonderlike oorblyfselkerk. Sewendedagadventiste se geloofs-oortuiging en sendingopdrag is onskeibaar.

Elkeen word benodig

Om die meer as 7 biljoen mense in die wêreld vir Christus te bereik en die belangrike waarhede soos in Sy Woord geopenbaar te versprei, word elke Sewendedagadventis opgeroep om 'n belangrike aandeel aan God se finale sendingopdrag van barmhartigheid aan hierdie donker wêreld te hê.

Daar word vir ons gesê: "Die lig wat God aan Sy volk gegee het, moet nie toegesluit word binne die kerke wat alreeds die waarheid weet nie. Dit moet in die duister plekke van die aarde versprei word. Diegene wat in die lig wandel soos Christus in die lig is, sal met die Verlosser saamwerk om aan andere te openbaar wat Hy aan hulle geopenbaar het..... In die wêreld vandag is mans en vrouens vasgevang in die soeke na wêreldse gewin en wêreldse plesier. Daar is duisende der duisende wat geen tyd of aandag aan die verlossing van die siel gee nie. Die tyd het aangebreek dat die boodskap van Christus se spoedige wederkoms dwarsoor die wêreld moet weerklink. Onmiskembare bewyse dui op die nabyheid van die einde."- Ellen White: *Testimonies for the Church*, vol. 9, pp. 24,25.

Hierdie werk is nie slegs vir geordende leraars nie, maar vir elkeen wat die waarheid ken en glo. Ons word geroep om saam te werk om hierdie belangrike sendingopdrag te verwesenlik. Leke lidmate is uiters belangrik om die waarheid vir hierdie tyd uit te dra.

In julle werkplekke, in sosiale verkeer, in julle daaglikse aktiwiteite, openbaar die aantreklikheid en aantrekkingskrag van Christus en andere sal aangetrek word om die bron van julle vrede en blydskap te wete te kom. Wees gewillig om die hoop wat in julle is te deel; die hoop van Jesus se spoedige wederkoms.

Ons moet onthou dat die vermoë om ons Goddelike opdrag te voltooi is nie in menslike hande of programme of leerstellings nie. Die krag en waarheid wat verkondig word, word in die Woord van God, in die Gees van Profesie, in ernstige gebed en in die Heilige Gees gevind. **Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die Here van die leërskaars.** - Sag. 4:6.

Ons Bybelse boodskap verenig ons as 'n wêreldwye volk en beskerm ons daarteen om ons van die samelewing en van mekaar te isoleer.

Mense van die Boek

Ons leef in 'n tyd wanneer baie mense nie die duidelike en suiwer Woord van God wil hoor nie. Hulle wil slegs dit hoor wat vir hulle goed klink. Lidmate, verkondig die Woord tydig en ontydig. Leef asof die Here binnekort kom, omdat dit so is.

Ons moet volkome op die Here en Sy kosbare Woord vertrou. Ons moet die opvatting en besef versterk dat ons "mense van die Boek" is, die kosbare Woord van God met die duidelike, verklarende insig aanvaar dat ons die histories-Bybelse benadering volg om hierdie boodskappe te interpreteer. Ons aanvaar nie die histories-kritiese metode, wat menslike interpretasie bo die Bybel wat homself verklaar, stel nie.

As kenners van die geskiedenis glo ons dat die Bybel Bybelse profesie verklaar met die besef dat die rigtingwysers van die geskiedenis en die vervulling van profesie duidelik aangetoon word en die geskiedenis deurtrek. Ons staan op die vaste Woord van profesie.

Ons aanvaar ook ten volle die wonderlike raadgevinge wat aan ons deur die skrywes van Ellen White gegee word. Die Heilige Woord en die Gees van Profesie stel ons in staat om ons groot werk in die aankondiging van Christus se wederkoms te voltooi.

Ambassadeurs vir Christus

Soos leraars en lidmate hand aan hand werk, laat ons hierdie hemelse boodskap op elke moontlike manier meedeel; deur klein groepe, persoonlike getuienis, openbare evangelisasie, publikasies, sosiale media en menige ander wyses, insluitende deur die effektiewe, omvattende gesondheidsbediening. Laat ons mense vir Christus se spoedige koms

voorberei deur te doen wat God gevra het en elkeen van ons toegerus het om te doen.

'n Verbasende belofte word in *Christ's Object Lessons* gevind: "Dit is die voorreg van elke siel om 'n lewende kanaal te wees waardeur God die rykdom van Sy genade, die onnaspeurlike rykdom van Christus aan die wêreld kan oordra. Daar is niks wat Christus soveel begeer as verteenwoordigers wat Sy Gees en karakter aan die wêreld sal voorhou nie. Daar is niks wat die wêreld soveel nodig het as die openbaring van die Heiland se liefde deur middel van die mens nie. Die ganse hemel wag op kanale waardeur die heilige olie gegiet kan word om 'n vreugde en 'n seën vir menseharte te wees" (p.419).

Uitdagende tye voor

Namate die konflik tussen waarheid en dwaalleer vererger en verdiep, sal 'n skudding in God se Kerk plaasvind. Ellen White voorspel: "Soos die storm nader, sal 'n groot groep, wat geloof in die derde engel se boodskap bely het, maar wat nie deur gehoorsaamheid aan die waarheid geheilig is nie, van standpunt verander en by die geledere van die opposisie aansluit. Deur met die wêreld te verenig en aan sy gees deel te hê, sal hulle sake in bykans dieselfde lig beskou en wanneer die toets kom, is hulle bereid om die maklike, populêre kant te kies..... Hulle word die grootste vyande van hulle voormalige broeders."- *The Great Controversy*, p. 608.

Diegene wat aan hulle Verlosser vashou en weier om die waarhede van die Drie Engele se Boodskappe prys te gee, besef hulle moet hulle plig nakom in die aanbieding van hierdie boodskappe en die gevolge in God se hande laat. "Diensknegte van God, met hulle gesigte stralende van heilige toewyding sal hulle van plek tot plek haas om die boodskap van die hemel te verkondig..... Wonderwerke sal verrig word, siekes sal genees word en daar sal tekens en wonders wees..... Op hierdie manier sal die bewoners van die aarde beweeg word om kant te kies. Die boodskap sal verkondig word, nie soseer deur argumente nie, as deur 'n diepe oortuiging van die Gees van God..... Nou sal

die ligstrale orals deurdring en die waarheid sal in sy helderheid gesien word en die opregte kinders van God sal die bande verbreek wat hulle vashou. Ten spyte van die magte wat teen die waarheid verenig is, sal 'n groot getal hulle aan die kant van die Here skaar."- *The Great Controversy*, p. 612.

My broeders en susters, hierdie is die opwindende toekoms waarvoor ek en jy bemagtig en toegerus is om God se groot werk af te handel soos ons hierdie kragtige boodskappe verkondig. Slegs deur volkome op Jesus en die krag van die Heilige Gees te steun, sal ons in staat wees om enigiets te vermag. God is besig om ons vir iets buitengewoons voor te berei: die uitstorting van die laat reëns van die Heilige Gees.

Sendingopdrag-gesinde medegelowiges, die ganse hemel wag. Is ons gereed om die hemel se roepstem te beantwoord? Is ons gewillig om ons geheel en al aan die Here toe te wy en Hom toelaat om deur ons te werk om verlore nes te bereik?

Jesus kom binnekort!!

9.Ted N.C. Wilson: *Adventist World*, August 2015. pp. 8-9.

ELKEEN 'N SAAIER

ONS LEWE IN 'N TYD VAN ONGEKENDE VERANDERING

God het Sy oorblyfsel volk, die Sewendedag Adventiste Kerk, gevra om die weg van die Here voor te berei, om volkome op Hom te vertrou en die krag van die laat reëns van die Heilige Gees te ontvang. Dit is tyd vir die finale, luide wekroep - die verkondiging van die eerste-, tweede- en besonderlik die derde engel se boodskappe.

God het ons geroep om saaiers van Sy Woord te wees. Hy het ons geroep om Sy voorbeeld te volg in diens aan andere deur Sy waarheid en geregtigheid en Sy tweede koms na die wêreld te verkondig. Lidmate in hierdie kerk van bykans 19 miljoen is geroep om tesame met die Hemelse Saaier, Jesus Christus, Sy finale boodskap van liefde, geregtigheid,

verlossing en die laaste-dae profetiese waarskuwing, wat Christus se spoedige wederkoms inlui, te verkondig. Elkeen 'n saaiër!

Die Kerk se drie hoofdoelwitte

Die Sewendedag Adventiste Kerk wêreldwyd fokus tans op die volgende drie areas:

1. Christus en Sy geregtigheid [Die onderhouding van die Tien Gebooe - vgl. Deut. 6:25.] as die kern van die drie engele se boodskappe;
2. Getrouheid aan God, Sy Woord en in alles wat ons doen en sê;
3. Totale lidmaat betrokkenheid in getuienis en evangelisasie.

1. Christus en Sy Geregtigheid

Die erkenning van die sentraliteit van Christus se genade en opoffering vir ons, Sy genade en geregtigheid wat ons van die ewige lewe voorsien. Christus sê in Johannes 12:32: **En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek.**

Laat ons onself verbind om in hierdie eindtyd omstandighede Christus, Sy liefde, Sy Woord, Sy geregtigheid, Sy heiligdomdiens, Sy reddende krag in die groot stryd, Sy sewendedag Sabbat, Sy profetiese boodskappe, Sy Gees van Profetiese lering, Sy drie engele se boodskappe, Sy gesondheidsboodskappe, Sy laaste-dae sending na die wêreld en Sy wederkoms binnekort te verhoog.

Christus en Sy geregtigheid moet ons lewens en alles wat ons doen, deurtrek. Ons is volkome afhanklik van ons verhouding met Hom en Sy vermoë om die ewige lewe te skenk. Sewendedagadventiste moet die grootste verkondigers van Christus, ons geregtigheid, wees.

2. Getrouheid aan God

God is aan ons getrou, deur Sy krag, laat ons in getrouheid aan Hom reageer. Hy roep ons om in ons persoonlike verhouding met Hom, getrouheid aan Sy

Woord, getrou in daaglikse Bybelstudie, getrou in die studie van die Gees van Profesie en getrou in ons konstante gebedslewe te wees. In 'n wêreld gevul met steeds toenemende geweld, bomaanvalle, skietery en tragiese sterfgevalle oor die aardbol heen, laat ons getrou wees aan God se plan van herstel by Sy wederkoms.

Openbaring 2:10 sê vir ons: **Wees getrou tot die dood toe en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.** Laat ons getrou wees in die verstaan van ons unieke rol in die verkondiging van die drie engele se boodskappe en in die deelneming aan die luide wekroep van die derde engel, getrou in die mededeling van die unieke rol van die Advent-beweging, getrou in ons familie verhoudings ooreenkomstig Bybelse standaarde en die waarheid, getrou in ons Christelike rentmeesterskap, getrou in die Sabbatskool en kerkbywoning en getrou om ander van Christus te vertel.

Die wêreld is oorstrom deur 'n bestaansleweniswyse. Mense dink alles is nie absoluut nie. Dit is nie die geval nie! Daar is dinge wat volstrek en volkome is en dit word in die Woord van God gevind en ons getroue nakoming van die Woord. Openbaring 3:11 deel ons mee: **Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie.** Sewendedagadventiste, wees aan God getrou!

3. *Totale Lidmaat Betrokkenheid in getuïenis en evangelisasie*

Mattheüs 9:37-38 daag ons uit met die waarheid, dat **die oes is wel groot, maar die arbeiders min.** Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in Sy oes mag uitstuur. Jakobus 1:25 vermaan ons om 'n dader van die werk te wees. Johannes 9:4 deel ons die dringendheid wat ons moet doen mee: **Ek moet die werke doen van Hom wat My gestuur het, so lank as dit dag is; die nag kom wanneer niemand kan werk nie.**

Lidmate, ek daag julle uit om in die daaglikse sending van die kerk betrokke te raak ver meer as wat julle ooit vantevore was. Elkeen is 'n saaiër! Die huidige Sewendedag Adventiste strategie daag ons uit met die doel: "Om alle lidmate van die kerk, leraars en leiers in volle vennootskap te betrek."

Leraars en lidmate, jonk en oud, moet vir die wen van siele saamwerk. Ons maak op julle staat! God maak op julle staat! Evangelisasie is die lewenskrag van die kerk. Ons almal moet daarby betrokke wees, of deur persoonlike getuienis, klein groep evangelisasie of openbare evangelisasie in sy verskillende vorme, selfs al dink jy dit sal nie in jou area werk nie. Pas jou metodes aan, maar reik uit. Doen iets vir Jesus! Elke poging, onder God se leiding, om die harte van mense te bereik sal vrugte dra. Evangelisasie is nie dood nie! Dit is meer as ooit vantevore lewendig! God is betrokke. Dit is Sy plan. Hy sal dit seën.

Kerkleiers en kerklidmate moet hand aan hand vir sendinguitreike werk. Die volgende instruksie is baie belangrik vir elkeen wat 'n saaiër van God se Woord is. *Testimonies for the Church*, vol. 9, p. 116 sê: "Die leiers in God se saak, soos wyse generaals, moet planne beraam vir die opmars langs die hele linie. In hulle beplanning moet hulle spesiale aandag gee aan die werk wat deur leke vir hulle vriende en bure gedoen kan word. Die werk van God op hierdie aarde kan nooit afgehandel wees totdat die manne en vroue wat ons kerklidmaatskap vorm, moed skep vir die werk en hulle pogings met leraars en kerkleiers verenig nie."

Elkeen 'n sendeling

Kerklidmate, laat die Heilige Gees julle denkwysse totaal hervorm. Neem die kerk se sending van uitreik in julle hande op 'n daaglikse basis en werk nou saam met kerkleiers en leraars. Laat dit 'n algehele deelname wees. Nie een word uitgelaat nie. Elkeen 'n sendeling. Doen iets vir Jesus en vir andere. Moenie na binne kyk en jou plaaslike kerk en haar aktiwiteite kritiseer nie. Reik uit na andere vir Christus. Moenie dat iemand sê jy is nie nodig nie. Die Heilige Gees sal jou as die hemel se boodskapper in jou woonbuurt bemagtig. Werk nou saam met jou leraar, plaaslike kerk en konferensie. Herlewing en hervorming sal iets persoonliks en 'n werklikheid word.

Daardie wonderlike boekie *Testimonies for the Church*, vol. 9 vertel van ons spesiale werk in Totale Lidmaat Betrokkenheid. 'n Paar sleutelgedagtes uit verskeie bladsye: "Die plegtigste waarhede wat ooit aan sterflinge toevertrou is, was aan ons gegee om aan die wêreld te verkondig (p. 19).Laat ons onthou dat 'n lewe soos Christus s'n die kragtigste argument is wat ten gunste van die Christendom voortgebring kan word. Mense sal glo, nie wat die leraar preek nie, maar wat die kerk lewe (p. 21). ...Christus se werk moet ons voorbeeld wees. Sy lewe was een van onselfsugtige diens en dit moet ons handboek wees (p. 31).Waar ook al ons sien dat daar werk is wat gedoen moet word, moet ons dit doen en voortdurend na Jesus opsien (32).God se volk moet ernstig en getrou in hulle werk vir Hom wees, sodat alle selfsugtigheid van hulle lewe geskei kan word. Sy werkers sal dan saamwerk en die arm van die Here, die krag wat in die lewe van Christus gesien was, sal geopenbaar word. Vertroue sal herstel wees en daar sal eenheid in die kerke dwarsdeur ons geledere wees (p. 33)."

Jesus kom binnekort! Lig daardie banier hoog en deel dit op praktiese wyses wat hulle rondom jou na die Een, wat vir ons verlossing gebring het en wat beloof het om ons binnekort huis toe te neem sal lei!

Testimonies for the Church, vol. 7, p. 9. "Die veranderende krag van God se genade vorm die een wat homself vir God se diens gee. [Genade is die krag van God, tot gelowiges se beskikking gestel, sodat God se plan of doel in hulle lewens verwesenlik kan word.] Vervul met die Gees van die Verlosser is hy gereed om die eie-ek te verloën, gereed om die kruis op te neem, gereed om enige opoffering vir die Meester te maak. Die Christen het geen begeerte om vir die eie-ek te leef nie. Hy het genoeg daarin om alles wat hy het toe te wy en is tot die Meester se beskikking. Hy is aangespoor deur 'n oorweldigende begeerte om siele vir Christus te wen. Hulle wat geen so 'n begeerte het nie, moet beter oor hulle eie verlossing besorg wees. Laat hulle vir die gees van diens bid."

Manuscript 61, 17 Sept. 1909. Woordes van Onderrig: "Die wêreld is besig om vir die sluitingswerk van die derde engel se boodskap voor te berei. Die

waarheid moet nou verkondig word met 'n krag wat dit vir jare nie geken het nie. Die boodskap van waarheid vir ons tyd moet oral verkondig word."

Ek doen 'n beroep op elkeen, deur die krag van die Heilige Gees, om deel te wees van Totale Lidmaat Betrokkenheid.

Die laat reën van die Heilige Gees is in aantog en daarmee saam die groot aankondiging aan elke persoon op aarde in die verwagting van Christus se spoedige wederkoms. Deur God se genade, laat ons deel daarvan wees. - Ted N.C. Wilson: *Adventist World*, 10 October, 2015.

DIE VOLTOOIING VAN GOD SE WERK – DIE HARDE STEM

Gelyktydig met herlewering en hervorming binne die kerk, die seëling en skudding, en die ontvangs van die laat reën, sal die mense van God hulle evangelisasiewerk met spesiale krag en ywer onderneem.

Die siener van Patmos het dit alles in die vorm van drie engele gesien wat vinnig deur die hemel vlieg om in 'n harde stem die boodskappe te verkondig - Openbaring 14:6-10.

Hier word die aard van die werk van God se mense getoon. Hulle het 'n boodskap wat van so groot belangrikheid is dat hulle voorgestel word as vlieënde in die aanbidding daarvan aan die wêreld. Hulle hou in hulle hande die brood van die lewe vir 'n verhongerde wêreld. Die liefde van God dwing hulle. Dit is die laaste boodskap. Daar is geen een meer om te kom nie, geen uitnodigings van genade meer om te gee nadat hierdie boodskap sy werk gedoen het nie.

In Hoofstuk 18 vers 1, word 'n ander engel beskryf wat van die hemel neerdaal met groot krag en die aarde is deur sy heerlikheid verlig. Hierdie engel verteenwoordig nie 'n nuwe boodskap nie, maar 'n nuwe krag. Dit sal die verkondiging van die drie boodskappe tot 'n harde stem laat aanswel, om

hulle selfs tot die verste uithoeke van die aarde hoorbaar te maak. En in 'n buitengewone kort tyd sal die werk voltooi wees. Die boodskap van die val van Babilon en die oproep vir die gelowiges om uit haar uit te kom sal op 'n helder en direkte wyse, onvermeng, gegee word.

Dit sal vervolging en stryd aanspoor, maar die Here sal Sy heilige krag ontbloot om 'n wonderbaarlike werk te bewerkstellig. Om dit te kan doen, sal Hy elke gelowige gebruik wat van die eie-ek ontdaan is en met die Gees vervul is. Die kerk sal haar onverskilligheid afgooi en almal sal aan die taak deelneem om siele te red. Ellen White, die boodskapper van die Here, het geskryf:

"Dit is nie alleen deur mense in hoë posisies van verantwoordelikheid nie, nie alleen deur mense wat posisies in rade en komitees beklee nie, nie alleen deur bestuurders van ons kweekskole en uitgewers wat die werk gedoen sal word wat sal maak dat die aarde gevul sal word met die kennis van die Here soos die water die see bedek nie. Hierdie werk kan alleen uitgevoer word deur die hele kerk wat hulle deel doen onder die leiding en in die krag van God."

Die Bybel gee vir ons ongekwalfiseerde beloftes betreffende die voltooiing van die evangelie opdrag: *Want Hy volbring 'n saak en verkort dit in geregtigheid, omdat die Here 'n saak wat verkort is, op die aarde sal doen.* - Rom. 9:28. *En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuigenis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.* - Matt. 24:14. *In die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die verborgenheid van God volbring.* - Openb. 10:7.

Dan sal die boodskap van die derde engel tot 'n luide stem aanswel en die hele aarde sal met die heerlikheid van die Here verlig wees.

Die boodskap verloor niks van sy krag in die engel se voorwaartse vlug nie, omdat Johannes sien hoe dit toeneem in sterkte en krag totdat die hele aarde met sy heerlikheid verlig is. Die koers van God se

gebodonderhoudende volk is voorwaarts, immer voorwaarts. Die boodskap van die waarheid wat ons dra, moet na nasies, volke en tale gaan. Spoedig sal dit met 'n harde stem gaan en die aarde sal deur sy heerlikheid verlig word. Berei ons voor vir hierdie groot uitstorting van die Gees?

Ellen White sê: "Toe het ek 'n ander magtige engel gesien wat opdrag gegee is om na die aarde neer te daal, om sy stem met die derde engel te verenig en mag en krag aan sy boodskap te gee. Groot krag en heerlikheid is aan die engel gegee, en soos hy neerdaal, is die aarde met sy heerlikheid verlig. Die lig wat hierdie engel vergesel het, het oral ingedring soos hy met 'n harde stem kragtig uitgeroep het: 'Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls.'" - Openb. 18:2.

Die tyd van toetsing is op ons, omdat die harde stem van die derde engel alreeds begin het in die openbaring van die regverdiges van Christus, die sonde-vergewende Verlosser. Dit is die begin van die lig van die engel wie se heerlikheid die hele aarde vul. Omdat dit die werk van elkeen is aan wie die waarskuwingsboodskap, om Jesus te verhoog, gegee is om Hom aan die wêreld voor te stel soos geopenbaar in tipes, in simbole, soos duidelik gemaak in die openbarings van die profete, soos onthul in die lesse aan Sy dissipels gegee en in die wonderbaarlike wonders wat vir die mense bewerkstellig is. **Ondersoek die Skrifte, want dit is dié wat van My getuig.** - Joh. 5:39.

Die engel, wat in die verkondiging van die derde engel se boodskap verenig, sal die hele aarde met sy heerlikheid verlig. 'n Werk van wêreldwye omvang en ongewone krag is hier voorspel. Die Advent-beweging van 1840-44 was 'n glorieryke manifestasie van die krag van God; die eerste engel se boodskap is na elke sendingstasie in die wêreld geneem en in sommige lande was die grootste godsdienstige belangstelling wat nog in enige land sedert die Hervorming van die sestiende eeu waargeneem is, maar dit alles sal deur

die magtige beweging onder die laaste waarskuwing van die derde engel oortref word.

'n Spesiale Tyd vir 'n Duideliker en Direkter Boodskap

'n Spesiale tyd

En na hierdie dinge het ek 'n engel sien neerdaal uit die hemel, met groot mag, en die aarde is verlig deur sy heerlikheid. En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls. En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie. - Openb. 18:1,2,4.

Hierdie Skrifgedeelte wys vooruit na 'n tyd wanneer die aankondiging van die val van Babilon, soos deur die engel van Openbaring 14 gemaak, herhaal sal word met die bykomende vermelding van die korrupsie wat die verskillende organisasies waaruit Babilon bestaan, binnegedring het.

Die werk van die Hervormers as voorbeeld

Baie Hervormers het met die aanvang van hulle werk besluit om groot omsigtigheid aan die dag te lê in hulle aanval op die sondes van die kerk en die mense. Hulle het gehoop om, deur die voorbeeld van 'n suiwer Christelike lewe, die mense na die leerstellings van die Bybel terug te lei. Maar die Gees van die Here het op hulle gekom soos dit op Elia gekom het en hom gelei het om die sondes van 'n bose koning en 'n afvallige volk te bestraf. Die Hervormers kon nie nalaat om die duidelike uitsprake van die Bybelse leerstellings te verkondig nie. Hulle was aangedryf om vuriglik die waarheid en die gevaar wat siele bedreig het te verkondig. Die woorde wat die Here hulle gegee het, het hulle sonder vrees vir die gevolge gespreek en die mense was genoodsaak om na die waarskuwing te luister.

Op die manier sal die boodskap van die derde engel verkondig word. Wanneer die tyd aanbreek om dit met die grootse krag te verkondig, sal die Here deur nederige diensknegte werk om die verstand te lei van diegene wat hulself aan Sy diens toegewy het. Die diensknegte sal deur die salwing van Sy Gees bekwaam gemaak word, eerder as deur die opleiding van inrigtings. Mense van geloof en gebed sal genoodsaak voel om met heilige ywer voort te gaan om die woorde wat God hulle gee te verkondig. Die sondes van Babilon sal ontbloot word. Die verskriklike gevolge van die dophou van die kerk deur die siviele gesag, die onderduimse maar vinnige vooruitgang van die pouslike mag, die vyandige invalle van spiritisme – almal sal ontmasker word. Deur hierdie ernstige waarskuwings sal die hartsnare aangeraak word. Duisende der duisende wat nooit woorde soos hierdie gehoor het nie, sal luister.

Die boodskap sal vervolging aanspoor

Die geestelikes sal bykans bo-menslike pogings aanwend om die lig te verberg uit vrees dat dit op hulle kudde skyn. Met alle middele tot hulle beskikking sal hulle poog om die bespreking van hierdie allerbelangrike vrae te onderdruk. Die kerk doen 'n beroep op die sterk arm van die siviele gesag en, in hierdie werk, sal die pousgesindes en die Protestante verenig. Soos die beweging vir Sondag-handhawing moediger en beslissender word, sal dit die wet teen die gebodonderhouers ondersteun. Hulle sal met boetes en tronkstraf gedreig word en aan sommige sal invloedryke posisies aangebied word en aan ander belonings en voordele as lokmiddels om hulle geloof te laat vaar. Maar hulle standvastige antwoord is: "Toon ons uit die Woord van God ons fout" – dieselfde pleidooi was deur Luther onder soortgelyke omstandighede gemaak. Hulle wat voor die howe aangekla word, maak 'n sterk regverdiging van die waarheid en sommige wat hulle hoor, word gelei om standpunt in te neem om al die gebooie van God te onderhou. Sodoende sal die lig voor duisende gebring word wat andersins niks van hierdie waarhede sou geweet het nie.

Die woorde van Paulus sal letterlik vervul word: **En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolgd word.** - 2 Tim. 3:12. Soos die verdedigers van die waarheid weier om die Sondag-sabbat te eerbiedig, sal party in die tronk gestop word, party sal verban word, party sal as slawe behandel word. Vir menslike wysheid lyk dit alles nou onmoontlik, maar soos die in-bedwang-houdende Gees van God aan die mens onttrek word, en hulle onder die beheer van Satan sal wees wat die Goddelike bevel haat, sal daar vreemde verwickelinge wees. Die hart kan baie wreed wees wanneer die vrees van God en liefde verwyder is.

Tydlike konsternasie en ontsteltenis

In hierdie tyd van vervolging sal die geloof van die Here se diensknegte getoets word. Hulle het getrou die waarskuwing gegee, hulle kyk na God en Sy woord alleen. God se Gees wat hulle harte roer, dwing hulle om te praat. Gestimuleer met heilige ywer, en met die Goddelike drang sterk op hulle, gaan hulle voort met die uitvoering van hulle pligte, sonder om die gevolge te bereken om tot die mense die woord te spreek wat die Here hulle gegee het. Hulle het ook nie hulle tydelike belange in ag geneem nie, ook nie om hulle reputasie of lewe te beskerm nie. Tog, wanneer die storm van teenkating en beskuldiging teen hulle losbars, sal party, oorweldig deur konsternasie, gereed wees om te verklaar: "As ons die gevolge van ons woorde voorsien het, sou ons geswyg het." Hulle is met moeilikhede omring. Satan val hulle met hewige versoekings aan. Die werk wat hulle onderneem het, lyk ver buite hulle vermoë om te voltooi. Hulle word deur ondergang bedreig. Die geesdrif wat hulle aangespoor het, is weg; nogtans kan hulle nie terugdraai nie. Dan, in uiterste wanhopigheid, vlug hulle na die Magtige Een vir sterkte. Hulle onthou dat die woorde wat hulle gespreek het, nie hulle s'n was nie, maar Syne wat hulle beveel het om die waarskuwing te gee. God het die waarheid in hulle harte geplaas en hulle kon nie nalaat om dit te verkondig nie.

Die boodskap sal met geloof en krag verkondig word

Die Here gee 'n spesiale waarheid vir die mense in nood. Wie durf weier om dit te verkondig? Hy beveel Sy diensknegte om die laaste uitnodiging van barmhartigheid aan die wêreld te bied. Hulle kan nie stilbly nie, behalwe om hulle siele aan gevaar bloot te stel. Christus se ambassadeurs is nie oor die gevolge bekommerd nie.

Soos die opposisie erger word, is die diensknegte van God weer eens verslae, omdat dit vir hulle lyk asof hulle die krisis gebring het. Maar hulle gewete en die Woord van God verseker hulle dat hulle saak reg is, en alhoewel die rampe voortduur, word hulle versterk om dit te dra. Die stryd kom nader en feller, maar hulle geloof en moed styg saam met die nood. Hulle getuienis is: "Ons durf nie met God se Woord peuter deur Sy heilige wet te verdeel en die een deel noodsaaklik en die ander nie-noodsaaklik te verklaar om die guns van die wêreld te wen nie. Die Here wat ons dien, is in staat om ons te bevry. Christus het die magte van die aarde oorwin en sal ons bevrees wees vir 'n wêreld wat alreeds verower is?" - E. White.

Die tyd kom vinnig nader dat hulle wat kies om God eerder as mense te gehoorsaam, die hand van verdrukking sal voel. Sal ons dan God oneer aandoen deur stil te bly, terwyl Sy heilige gebooie onder die voete vertrap word?

Wanneer die storms van vervolging regtig oor ons losbreek, sal die ware skape die ware Herder se stem hoor. Selfverloënende pogings sal aangewend word om die verlore nes te red en baie wat van die kudde weggedwaal het, sal terugkom om die groot Herder te volg. Die mense van God sal saamtrek en aan die vyand 'n verenigde front bied. In die aangesig van die gemeenskaplike gevaar, sal die strewe na heerskappy verdwyn.

So sal die waarheid in die praktiese lewe ingebring word en so sal dit die gebed van Christus, net voor Sy vernedering en dood uitgespreek, beantwoord: **Dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat**

U My gestuur het. – Joh. 17:21. Die liefde van Christus en die liefde van ons broeders en susters, sal aan die wêreld getuig dat ons met Jesus was en van Hom geleer het. Dan sal die boodskap van die derde engel aanswel tot 'n harde wekroep en die hele aarde sal deur die heerlijkheid van die Here verlig word.

'n Snelle en wonderbaarlike werk

Die groot werk van die evangelie sal nie met minder manifestasie van die krag van God sluit as wat die aanvang gekenmerk het nie. Die profesieë wat vervul is in die uitstorting van die vroeë reën met die aanvang van die evangelie, sal weer in die laat reën by die sluiting vervul word. Hier is die "tye van verkwikking" waarna die apostel vooruit gekyk het toe hy gesê het: **Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom en Hy Hom mag stuur wat vooraf aan julle verkondig is, naamlik Jesus Christus.** – Hand. 3:19,20.

Diensknegte van God met gesigte wat blink met heilige toewyding, sal hulle van plek tot plek haas om die boodskap van die hemel te verkondig. Met duisende van stemme, oor die hele aarde, sal die waarskuwing gegee word. Wonders sal gedoen word, siekes sal genees word en tekens en wonders sal die gelowiges volg. Satan werk ook met bedrieglike wonders, bring selfs vuur uit die hemel voor die oë van mense (Openb. 13:13). So sal die inwoners van die aarde gendwing word om standpunt in te neem.

Die boodskap sal nie souseer deur argumente gedra word as deur die diep oortuiging van die Gees van God nie. Die bewyse is aangebied. Die saad is gesaai en nou sal dit uitspruit en vrug dra. Die publikasies wat deur sendingwerkers versprei is, oefen hulle invloed uit en tog sal baie op wie se verstand dit 'n indruk gemaak het, verhoed word om die waarheid ten volle te begryp of om gehoorsaam te wees. Nou dring die ligstrale orals in, die waarheid word in helderheid gesien en die eerlike kinders van God sny die bande af wat hulle gebind het. Familieverwantskap en kerkverband is nou

magteloos om hulle te stuit. Waarheid is kosbaarder as ander dinge. Niteenstaande die magte wat teen die waarheid gekombineer is, neem 'n groot aantal aan die Here se kant standpunt in.

Wanneer die finale waarskuwing gegee sal word, sal dit die aandag trek van die leiersfigure deur wie die Here nou werk en sommige van hulle sal dit aanneem en sal saam met die mense van God deur die tyd van benoudheid staan.

'n Dwingende krag beweeg die opregtes, terwyl die manifestasie van die krag van God 'n vrees en beperking bring op hulle ongelowige familie en vriende sodat hulle dit nie waag, ook het hulle nie die krag nie, om hulle te verhinder om die werk, wat die Gees van God op hulle bring te verkondig nie.

God sal middele gebruik waardeur dit gesien sal word dat Hy die leisels in Sy eie hande neem. Die werkers sal verras wees deur die eenvoudige wyses wat Hy sal gebruik om Sy werk van geregtigheid ten uitvoer te bring en te voltooi.

Deur die wonderlike werkinge van Goddelike voorsiening, sal berge van moeilikhede verwyder word en in die see gegooi word. Die boodskap wat so baie vir die bewoners van die aarde beteken, sal gehoor en verstaan word. Mense sal weet wat die waarheid is. Voorwaarts en steeds voorwaarts sal die werk voortgaan totdat die hele wêreld gewaarsku is en dan sal die einde kom.

Die lig wat op die wagtendes gewerp is, dring oral in en diegene in die kerke wat enigsins lig het, wat die Drie Engele se Boodskappe gehoor en nie verwerp het nie, gehoorsaam die roepstem en verlaat die gevalle kerke.

Voordele van die stryd

God is van voornemens dat die toetsing van die waarheid op die voorgrond geplaas moet word en 'n onderwerp van ondersoek en bespreking word, selfs al is dit deur die minagting wat daarop geplaas word. Die verstand van die mense moet onrustig gemaak word. Elke stryd, elke teregwyding, elke laster

sal God se middel wees om ondersoek aan te spoor en verstande te laat ontwaak wat andersins sou gesluimer het.

Maar soos die kwessie om Sondagonderhouding af te dwing wyd bespreek word, sal die benadering tot die saak wat so lank betwyfel en nie geglo is nie, ingesien word en die derde engel se boodskap sal 'n effek tot gevolg hê wat dit nie voorheen kon gehad het nie.

Satan se opposisie teen die harde stem

Die mense van God word na die Skrif verwys as hulle beskerming teen die invloed van vals leermeesters en die misleidende krag van die geeste van duisternis. Satan gebruik elke moontlike middel om te verhoed dat mense kennis van die Bybel verkry, want die Bybel se duidelike uitsprake openbaar sy misleidings. Met elke herlewering van God se werk word die prins van boosheid tot intenser aktiwiteit aangespoor. Hy bring nou sy uiterste pogings na vore vir 'n finale stryd teen Christus en Sy volgelinge. Hierdie laaste, groot misleiding gaan spoedig voor ons ontvou.

Terwyl nuwe lewe en lig en krag van Bo op die dissipels van Christus neerdaal, ontspring 'n nuwe krag van benede om die agente van Satan van energie te voorsien. Met 'n subtielheid wat deur eeue van konflik verkry is, werk die prins van boosheid agter 'n vermomming. Hy verskyn as 'n engel van die lig en menigtes slaan ag op verleidende geeste en duiwelse leerstellings.

Die magte van Satan is aan die werk om die verstand van ewige realiteite weg te lei. Die vyand beskik sake om sy eie doeleindes te pas. Wêreldse sake, sport en die dinge van die dag - hierdie dinge beset die verstand van mans en vrouens.

Vals Godsdienstige Herlewings

Nieteenstaande die wydverspreide verval van geloof en vroomheid, is daar ware volgelinge van Christus in hierdie kerke (die populêre kerke van vandag). Voor die finale besoeking van God se oordele op die aarde sal daar

tussen die mense van die Here so 'n herlewing van outydse goddelikheid wees as wat daar sedert apostoliese tye nie waargeneem is nie. Die Gees en krag van God sal op Sy kinders uitgestort word. Dan sal baie hulle losmaak van daardie kerke waarin die liefde van hierdie wêreld die liefde vir God en Sy Woord verdring het. Baie, leraars sowel as gewone mense, sal met blydskap die groot waarhede aanvaar wat God so bewerk het om in hierdie tyd verkondig te word om 'n volk vir Jesus se tweede koms voor te berei. Die siele-vyand begeer om hierdie werk te verhinder; en voor die tyd dat so 'n beweging sal kom, sal hy probeer om dit te verhoed deur 'n vervalsing in te voer. In daardie kerke, wat hy onder sy misleidende krag kan bring, sal hy dit laat voorkom asof God se spesiale seën uitgestort word, Daar sal groot geesdrif, wat na 'n groot godsdienstige herlewing lyk, geopenbaar word. Menigtes sal juig dat God wonderbaarlik vir hulle werk, terwyl die werk die van 'n ander gees is. Agter 'n godsdienstige masker, sal Satan probeer om sy invloed oor die Christelike wêreld uit te brei.

In baie van die herlewings wat gedurende die laaste vyftig jaar voorgekom het, was dieselfde invloed aan die werk, in 'n mindere of meerdere mate, as wat in die meer uitgebreide herlewings van die toekomst sal manifesteer.

En soos die misleidende geeste geloof in die Bybel sal bely en respek vir die inrigtings van die kerk openbaar, sal hulle werk as 'n manifestasie van Goddelike krag aanvaar word.

Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang (1 Tim. 4:1).

Twee voorwaardes is nodig vir die voltooiing van die werk

Die Here het verseker beloof dat die verkondiging van die derde engel se boodskap spoedig tot 'n harde stem sal aanswel. Die glorieryke afhandeling van die werk om die hele wêreld te evangeliseer, is deur 'n reeks van Goddelike beloftes, wat terselfdertyd ook profesieë is, verseker. Die engel van Openbaring 18, wat uit die hemel met groot mag neerdaal, verlig die hele

wêreld met die heerlikheid van God; en in 'n kort tydjie sal elke nasie, stam, taal en volk die waarheid ken en hulle besluit neem.

Die voltooiing van die werk van die evangelie is primêr 'n Goddelike werk. God het dit beloof en Hy het oorgedrae bronne om dit uit te voer.

Maar ten einde Sy wonderbaarlike plan uit te voer gebruik die Here mense as werktuie daartoe. Die drie engele van Openbaring 14 verteenwoordig God se volk aan die marsjeer, betrokke in die vervulling van hulle evangelie opdrag.

Al wat nodig is, sodat die Allerhoogste Sy sterkte kan ontbloot, is dat die mense wat Hy begeer om te gebruik aan twee ononderhandelbare voorwaardes moet voldoen: **heiligmaking** en **ywer**.

Op die vooraand van Israel se grootste toets van vertrouwe in God se krag - die deurtog van die Jordaan - het Josua, op Goddelike bevel, die mense hierdie betekenisvolle opdrag gegee: **Heilig julle; want môre sal die Here wonders onder julle doen.** - Josua 3:5. Die werk kan nooit deur menslike pogings gedoen word nie. Dit moet deur 'n wonder bewerkstellig word as 'n resultaat van die uitstorting van die Heilige Gees. **Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die Here van die leërskaer.** - Sagaria 4:6.

Maar soos ons alreeds gesien het, die Heilige Gees word slegs uitgestort wanneer die hart reg is om Hom te ontvang, wanneer heiligmaking ver gevorderd, wanneer sonde bely en laat staan is, wanneer die eie-ek dood is, wanneer die gees van heerskappy verban is, wanneer sagmoedigheid, nederigheid en volle toewyding gelowiges karakteriseer.

Nou die tweede voorwaarde, **ywer** - toegewyde en entoesiastiese ywer. Die Here het beveel: **Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.** - Markus 16:15. Aan elkeen van ons sê Hy: **Gaan julle ook in die wingerd.** - Matt. 20:4.

Die gelykenis van die talente verduidelik hoe om ons wagtyd vir die koms van Christus te gebruik - nie in ledige afwagting nie, maar in aktiewe arbeid deur gebruik te maak van die talente wat Hy aan ons toevertrou het. Die Here vereis van ons ons verstand, ons bene, ons stemme, ja, ons hele wese vir die afhandeling van die oeswerk, sodat die Redder mag kom.

Geheiligde lewens en vlytige ywer sal die bemoedigendste beloftes van God in 'n werklikheid omskep wat die grootste bevrediging verskaf aan hulle wat getroue werktuie in die Meester se hande was. - *Fernando Chaij: The Finishing of God's Work - The Loud Cry*,

MOENIE IN KALMTE SIT EN NIKS DOEN NIE

Dit is ons plig om alles in ons vermoë te doen om die dreigende gevaar te verhoed... 'n Baie groot verantwoordelikheid rus op manne en vroue van gebed dwarsdeur die land om te smee dat God hierdie wolk van goddeloosheid wegvee en 'n paar jaar meer genade sal gee om vir die Meester te werk. - *Review and Herald*, 11 Dec. 1888.

Diegene wat nou die gebooie van God bewaar, moet hulleself inspan dat hulle die spesiale hulp verkry wat God alleen vir hulle kan gee. Hulle moet ernstiger werk om so lank as moontlik die dreigende rampe te vertraag. - *Review and Herald*, 18 Dec. 1888.

Die gebodhoudende volk van God moenie nou in hierdie tyd stil wees, asof hulle goedsmoeds die situasie aanvaar nie. - *Bible Commentary*, vol. 7, 975.

Ons doen nie die wil van God as ons rustig sit en niks doen om vryheid van gewete te bewaar nie. Vurige, effektiewe gebed moet na die hemel opgestuur word dat hierdie rampe uitgestel mag word totdat ons die werk, wat so lank verwaarloos was, voltooi het. Laat daar die ernstigste gebede wees en laat ons dan in harmonie met ons gebede werk. *Testimonies*, vol 5, 714.

Daar is baie wat op hulle gemak voel, wat as't ware aan die slaap is. Hulle sê: "As profesie die afdwing van Sondag-onderhouding voorspel het, sal die wet verseker uitgevaardig word", en wanneer hulle tot hierdie gevolgtrekking gekom het, sit hulle rustig in 'n kalm afwagting van die gebeurtenis. Hulle troos hulself met die gedagte dat God Sy volk in die dag van benoudheid sal beskerm. Maar God sal ons nie red as ons geen poging aanwend om die werk te doen wat Hy aan ons sorg toevertrou het nie....

As getroue wagters moet julle die swaard sien kom en die waarskuwing gee, sodat mans en vrouens nie 'n koers as gevolg van traak-my-nie-agtigheid inslaan wat hulle kon vermy het as hulle die waarheid geweet het nie. - *Review and Herald*, 24 Dec. 1889.

NIE ALMAL SAL DIE LAAT REËN ONTVANG NIE

Ek was getoon dat as God se volk geen poging van hulle kant aanwend nie, maar vir die verfrissing wag om op hulle neer te daal om hulle onregmatige dade te verwyder en hulle foute reg te stel, sal hulle tevergeefs wag. As hulle van die verfrissing afhanklik is om hulle van die vuilheid van die vlees en gees te reinig en hulle geskik te maak om in die harde roepstem van die derde engel betrokke te raak, sal hulle daarsonder wees. - *Testimonies*, vol. 1, 619.

Hoop ons om die hele kerk hernuwe te sien? Daardie tyd sal nooit kom nie. Daar is mense in die kerk wat nie bekeer is nie en wat nie in ernstige, seëvierende gebed sal verenig nie. Ons moet individueel tot die werk toetree. Ons moet meer bid en minder praat. - *Selected Messages*, vol. 1, 182

Ons kan seker wees dat wanneer die Heilige Gees uitgestort word, diegene wat nie die vroeë reën ontvang en waardeer het nie, nie die waarde van die laat reën sal sien of verstaan nie. - *Testimonies to Ministers* , p. 399.

Slegs diegene wat in ooreenstemming met die lig wat hulle ontvang het, leef sal groter lig ontvang. Tensy ons daaglik vordering maak in die voorbeeld van die aktiewe Christelike deugde, sal ons nie die verskyning van die Heilige Gees in die laat reën herken nie. Dit mag op harte oral rondom ons val, maar ons sal dit nie onderskei of ontvang nie. - *Testimonies to Ministers*, p.507.

Diegene wat geen besliste poging aanwend nie, maar eenvoudig net wag vir die Heilige Gees om hulle tot aksie aan te spoor, sal in die duisternis sterf. Jy is nie veronderstel om stil te sit en niks vir die werk van God te doen nie.- *Christian Science* , p. 228.

DIE BELONING VAN DIE WENNER VAN SIELE

Wanneer die verlostes voor God staan, sal kosbare siele reageer op hulle name wat daar is as gevolg van die getroue, geduldige pogings, die dringende versoeke en die ernstige oorrerings om na die Vesting te vlug, wat ter wille van hulle aangewend is.. Sodoende sal diegene wat in hierdie wêreld arbeiders saam met God was, hulle beloning ontvang. - *Testimonies* , vol. 8, 196, 197.

Wanneer die poorte van daardie pragtige stad in die hoogte op hulle glinsterende skarniere oopgeswaai word en die nasies wat die geloof bewaar het, binnekom, sal krone van heerlijkheid op hulle hoofde geplaas word en hulle sal eer en heerlijkheid en majesteit aan God toeskryf. Teen daardie tyd sal sommige na jou toe kom en sê: "As dit nie was vir die woorde wat jy in vriendelikheid tot my gespreek het nie, as dit nie vir jou trane en smeking en ernstige pogings was nie, sou ek nooit die Koning in Sy prag gesien het nie." Wat 'n beloning is hierdie! Hoe onbelangrik is die lof van mense in

hierdie aardse, kortstondige lewe in vergelyking met die ewige belonings wat op die getroue in die toekoms wag - onsterflike lewe! - *Words of Encouragement to Self - supporting Workers* (Ph 113) 16 (1909).

.....En van hulle het gegaan



"Aan elke opregte gelowige skenk God Sy lig en Sy seën en die gelowige dra dit in sy werk vir die Here weer aan ander oor. Namate hy gee van wat hy ontvang, verruim hy die vermoë om te kan ontvang. Daar ontstaan ruimte vir 'n nuwe invulling van genade en waarheid. Die helderheid van die lig neem vir hom toe en sy kennis vermeerder. Om hierdie gee en ontvang draai die lewe en groei van die gelowige. Hy wat ontvang en nooit gee nie, hou spoedig op om te ontvang. As die waarheid nie van hom na ander vloei nie, verloor hy sy vermoë om te ontvang. Ons moet die dinge van die hemel deel as ons nuwe seëninge wil ontvang." - Ellen G White, *Raad oor Rentmeesterskap*, p.36.